

OPENINGSREDE

Sy Edele H. SCHOEMAN, Adjunk-Minister van Landbou

Belangrikheid van kunsmis

Die feit dat die groei van die landbou en dié van die kunsmisbedryf altyd nog hand aan hand gegaan het is 'n bewys van hul onderlinge afhanklikheid. Sonder gesonde groei in die landbou sou gesonde groei van die kunsmisnywerheid nie moontlik gewees het nie. Omgekeerd is dit ewe waar dat indien kunsmisfabrikante nie daarin sou geslaag het om tred te hou met die behoeftes van die landbou nie, die landbou nie sou kon voorsien in die groeiende behoeftes aan voedsel en vesel nie.

Die rol van kunsmis in die landbou was dus deurgaans nog van deurslaggewende belang. Maar hoe belangrik dit ookal in die verlede was, sal dit in die toekoms steeds belangriker word.

Die rol wat kunsmis in die produksie van voedsel vir ons groeiende bevolking tot dusver gespeel het, word uitgebeeld deur die feit dat die jaarlikse kunsmisverbruik in Suid-Afrika in die 25 jaar ná die Tweede Wêreldoorlog toegeneem het van 400 000 ton (362 000 tonne) tot die huidige 2 000 000 ton (1 810 000 tonne) — 'n vyfvoudige toename. Hierby moet dit ook nog in gedagte gehou word dat kunsmis vandag in meer konsentreerde vorm as vroeër toegedien word.

Die afhanklikheid van huidige produksiepeile van kunsmis word verder beklemtoon deur die feit dat net die mielie-oes vanjaar — wat op 84 miljoen sak geskat is — volgens berekening naastenby soveel plantvoedingstowwe uit die grond sal wegneem as wat 1½ miljoen ton gewone kunsmis bevat. Die mielie neem wel indirek 'n deel van sy stikstof uit die lug op, maar daarteenoor is die bestanddele in die stronke, blare, koppe en wortels nie in berekening gebring nie. As al hierdie voedingstowwe nie behoorlik deur bemesting vervang word nie, sal dit spoedig tot uitputting van die grond lei. Ons landbouproduksie is dus uiters afhanklik van genoegsame bemesting.

Hierdie afhanklikheid van kunsmis sal in die toekoms al groter word. Waar daar tot dusver van tyd tot tyd nog nuwe gebiede onder die ploeg gebring kon word, sal dit in die toekoms al minder gebeur, en sal ons gaandeweg strenger toegewys wees op die opbouing van die vrugbaarheid van ons landbougronde en dus op die voordeligste gebruik van kunsmis.

Dit is dan ook met die oog op hierdie oorwegings dat die Regering so 'n ruim finansiële bydrae maak om die instandhouding van die vrugbaarheid van ons landbougrond aan te moedig — naamlik 'n subsidie op die gebruik van kunsmis wat in die afgelope jaar sowat R14 000 000 beloop het plus R1.2 miljoen aan spoërrabat op die vervoer van mis, kompos en kalk.

Hierdie bydrae van die Regering is nie net, soos so dikwels beweerd word, bloot om produksiekoste op die plaas laag te hou nie. Dit behels veel meer: dit is veral daarop gemik om bemestings- en verbouingspraktyke wat, in belang van voedselproduksie vir die hele land, grondvrugbaarheid sal handhaaf en opbou te bevorder.

Water requirements

Fortunately, the most profitable use of fertilizer is also closely associated with the most profitable use of water — a factor which will figure more and more prominently in future and indeed become of dominant importance in due course.

We all know that it is a wasteful use of water to apply it to a crop growing on an exhausted soil. And we also know that where the quantity of fertilizer applied is too heavy in relation to the moisture-status of the soil, this also amounts to an inefficient usage of water.

Our fertilizer programmes should therefore aim at obtaining the highest production per unit of water — an aspect which I think should be particularly stressed in this, our Water Year.

According to the list of important topics to be discussed at this annual meeting, it is clear that this is, in fact, the objective of your Society.

The efficient utilisation of water is a matter to which the Department is giving urgent attention. Research now in progress on this subject is aimed at adapting irrigation practice to the needs of the crop and all the other factors which have an influence on the efficient use of water. In this connection observations are being made on small experimental plots all over the country, while intensive research is in progress at the research institutions at Glen, Uppington, Sand-Vet, Vaalharts, Roodeplaat, Oudtshoorn and Outeniqua, as well as at Koedoespoort, Pretoria, by the Division of Agricultural Engineering.

The possibility of drawing up a map which will indicate to a farmer, with reasonable accuracy under his particular soil and climatic conditions, when he should irrigate a given crop and the amount of water to be applied is also being investigated.

Taak van die nywerhede

Uit die voorgaande opmerkings is dit duidelik watter sleutelrol die kunsmisnywerheid in die landbou vul. Vanweë die behoefte aan hul dienste en die aard van die kontak wat kunsmishandelaars met die boer het, oefen hulle 'n groot invloed uit, nie alleen op die boer se bemestingsprogram nie, maar daardeur ook op sy hele boerderypatroon. Daar rus dus 'n baie groter verantwoordelikheid as die blote voorsiening van kunsmis op hulle.

Dit is dus verblydend dat die bedryf in die jongste jare veral, sy skakels met die Departement verstewig het, sodat daar as't ware al meer uit een mond gepraat word by die verstrekking van inligting aan boere.

Dat hierdie skakeling inderdaad verstewig word, is bewys deur die groter mate van eenstemmigheid wat geopenbaar is tydens samesprekings in die afgelope jaar tussen verteenwoordigers van die Voorligtings- en Navorsingsdienste van die Departement, en van die Misstofvereniging, asook deur die versoek van die Vereniging om die samesprekings tot streeks- en substreeksvlak uit te brei. Die groter eenstemmigheid en doelgerigtheid wat onvermydelik uit sodanige oorlegpleging asook uit simposiums soos hierdie moet voortvloeï, hou beslis goeie belofte in vir diens aan die landboubedryf.

Dit is ewe bemoedigend om te vind dat alle instansies wat advies aan boere verstrek al meer die uitgangspunt aanvaar dat 'n boerdery-onderneming nie uit skeibare segmente bestaan nie maar as een groot geheel gesien moet word, en dat die bestuur van elke vertakking — wat natuurlik die sukses of andersins daarvan bepaal — onvermydelik

regstreeks of onregstreeks die welslae van die ander vertakings beïnvloed.

Omdat die Department hom so sterk beywer vir 'n gesonde balans en bestendigheid in die boerdery, word die nouer skakeling van die Misstofvereniging met die voorligtingsdiens van die Departement sterk verwelkom. Die belange van die landbou kan beslis bes gedien word deur samewerking en onderlinge oorlegpleging tussen alle landbouvoorligtingsdienste.

Dit is ook vir my verblydend om te verneem dat u Vereniging en lede van u Vereniging ernstige pogings aanwend om meer beurse vir die opleiding van landbouwetenskaplikes beskikbaar te stel. Die landboufakulteite wat deur die Department Landbou-tegniese Dienste gefinansier word sal graag ook in u behoeftes wil voorsien. Ook wens ek dit onder u aandag te bring dat die Pretoriase Tegniese Kollege ook tegnici vir die landbou oplei.

Vir die bevordering van harmonieuse en goeie samewerking is dit bepaald baie wenslik dat die betrokke partye en instansies sover as dit in hul vermoë is ook voorsiening vir die opleiding van hul vakkundige en tegniese personeel of tenminste 'n tasbare bydrae daartoe maak.

Deur die reël van simposiums soos hierdie, en die uitnodiging aan buitelandse wetenskaplikes na Suid-Afrika, lewer die Vereniging ook 'n groot diens aan die landbou.

Slot

Daar die bespreking van die onderwerpe op die program noodwendig 'n waardevolle bydrae tot die viering van die waterjaar sal wees, bestaan daar inderdaad besondere goeie rede om die Vereniging alle sukses op die verrigtinge toe te wens.